**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 11 FEBRUARIE 2021 OM 10:05 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. A Willemse | : | Projekbestuur: Assistent |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN005/02/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste die vergadering open met gebed.

***

**BKN006/02/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN007/02/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN008/02/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 10 DESEMBER 2020**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 10 Desember 2020, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN009/02/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 10 DESEMBER 2020**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Donderdag 10 Desember 2020 en dat die regstelling gemaak word deur Adams te vervang met Scholtz by BKN007/12/2020.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

***(‘n Breek word toegestaan vanaf 10:15 – 10:20)***

**BKN010/02/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN011/02/2021**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur gee kortliks terugvoer.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat die Scholtz-saak op Woensdag 27 Januarie 2021 weer voor die Hof verskyn het en dat sy nog geen terugvoer ontvang het nie.

Voorts meld sy dat enige terugvoer aan die Uitvoerende Burgemeester ter kennisname voorgelê sal word.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN012/02/2021**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN013/02/2021**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN014/02/2021**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN015/02/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: LEASE AGREEMENTS: BOKKOMLAAN VISHUISE ON ERF 486, VELDDRIF</u>**
**15/1/6; V.486**
***('n Gewysigde Bylae A word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur lei die item in en gee kortliks agtergrond.

Die Voorsitter versoek dat 'n gesprek met die Bokkomlaan Huurders gefasiliteer word alvorens die amptelike kennisgewing uitgereik word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

**<u>RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That proposed amendments to the existing lease agreements, as proposed in the Final draft of the Bokkomlaan Heritage Conservation Management Plan developed for Bergrivier Municipality dated January 2021, be incorporated into the existing lease agreements and that, for the interim, the lease term of existing lessees be extended by three (3) years;

2. That Council's intention to amend and extend the existing lease agreements by three (3) years be advertised to the public for 14 days,

and that should no objections be received, the lease addendums be concluded. In the event that objections are received, it must be dealt with in terms of applicable legislative procedures; and

3. That, after approval of the Bokkomlaan Heritage Conservation Management Plan by Heritage Western Cape, the required processes be commenced in order to replace the 3 year short-term lease agreements by long-term lease agreements, relevant legislation permitted.

***

**BKN016/02/2021**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: FEEDBACK TO MAYCO ON ICLD PARTNERSHIP IN HUMAN RIGHTS PROGRAMME**
***(‘n Verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag, soos voorgelê.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN017/02/2021**
**BOKKOMLAAN HERITAGE CONSERVATION MANAGEMENT PLAN**
**15/1/6; V.486**

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur lei die item in en gee kortliks agtergrond.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter bedank die betrokke amptenare vir die goeie en harde werk gelewer tydens die afhandeling proses.

**RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That the Bokkomlaan Heritage Conservation Management Plan developed for Bergrivier Municipality dated January 2021 prepared by Archaeo-Adventures CC t/a Sarah Winter Heritage Consultant, hereby attached as *Annexure A* in the report, be accepted by Council subject to submission thereof for endorsement by Heritage Western Cape, and it be noted that:

1.1 Council does, at present, not intend on giving effect to the proposed estuary boardwalk from the bird hide to Bokkomlaan, suggested in the Velddrif/Laaiplek Precinct Plan; and

1.2 Should Council in future decide on giving effect to this proposal, it would be subject to the relevant procedures, consultation and authorizations.

***

**BKN018/02/2021**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n volledige verslag voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterkomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 23 Februarie 2021, met inagneming van die gewysigde GLS-verslag.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (23/02/2021)***

***

**BKN019/02/2021**
**WATERAANVRAAGBESTUUR IN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die waterverliese as absolute prioriteit aandag moet geniet en dat samewerking tussen die direktorate Tegniese Dienste en Finansiële Dienste van uiterse belang is;

   ***DIREKTEURE TEGNIESE- EN FINANSIËLE DIENSTE***

2. Dat verseker word dat Brandweerdienste nie van gesuiwerde drinkwater gebruik maak tydens die blus van brande nie, maar waar dit prakties onmoontlik is, hulle wel van drinkwater gebruik kan maak, maar die punt by die store sal gebruik wat deur middel van watermeters gemeet word; en

   ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

3. Dat 'n opname gedoen word om te verseker dat alle openbare oop-ruimtes, parke en sportvelde, waar huishoudelike water gebruik word, met watermeters toegerus word en dat meterlesings in berekening gebring word as water verkope.

   ***DIREKTEURE TEGNIESE- EN FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN020/02/2021**
**PMU & BUILDING CONTROL – DECEMBER 2020 - JANUARY 2021**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee note the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN021/02/2021**
**VELDDRIF OORLAAISTASIE**
**15/3/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan en verwys word na die Formele Direksievergadering, soos geskeduleer vir Maandag 22 Februarie 2021 vir bespreking van innoverende oplossings, waarna dit voorgelê moet word by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 23 Februarie 2021 vir oorweging/goedkeuring.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (22 en 23/02/2021)***

***

**BKN022/02/2021**
**MUNICIPAL REGULATIONS ON FINANCIAL MISCONDUCT PROCEDURES AND CRIMINAL PROCEEDINGS**
**12/2/2/1**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n dissiplinêre komitee aanstel vir Bergrivier Munisipaliteit wat bestaan uit die lede, soos genoem in par. 4 in die verslag, vir 'n tydperk van 3 jaar vanaf 01 Maart 2021 tot einde Februarie 2024;

2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Interne Ouditeur aanstel as Voorsitter van hierdie komitee;

3. Dat die proses, soos uitgespel in die Regulasie en vervat in Aanhangsel 4 van die item, aanvaar word as die prosedures wat gevolg sal word wanneer bewerings van finansiële wangedrag teen Artikel-56 werknemers ontvang word; en

4. Dat die Munisipale Bestuurder aangewys word as "Designated Official" in terme van artikel 1 en 11 van die Regulasie.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN023/02/2021**
**VVSG JAARVERSLAG 2020**
**11/3/4**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in. Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Munisipale Bestuurder bedank die Hoofde: Siviele Dienste vir die goeie werk en bestuur van die projekte.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die VVSG Jaarverslag 2020 goedkeur vir aftekening.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN024/02/2021**
**REGSOPINIE: AANSTELLING VAN TYDELIKE WERKERS**
**4/3/2**
***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat sy en die Direkteure hulle onderskeie kapitaalprojekte lys vir implementering in die 2021/22 begroting en aan die Projekbestuur: Assistent voorsien voor Vrydag 19 Februarie 2021, sodat bepaal kan word of dit wel kwalifiseer as EPWP projekte.

***MUNISIPALE BESTUURDER & DIREKTEURE (19/02/2021)***

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die regsopinie, soos ontvang vanaf BCHC;
2. Dat die Indiensnemingsbeleid hersien word;
3. Dat 'n beleid vir die aanstelling van tydelike werkers opgestel word, ooreenkomstig die regsopinie;
4. Dat die beplande voorlegging oor tydelike werkers nie aan die Diensleweringsvergadering gemaak word nie; en
5. Dat 'n werksessie met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geskeduleer word insake die konsep Indiensnemings- en Aanstelling van Tydelike Werkersbeleide.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN025/02/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN026/02/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN027/02/2021**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 27 AUGUSTUS 2020**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Prestasie en Ouditkomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 27 Augustus 2020, soos voorgelê.

***

**BKN028/02/2021**
**NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: VRYDAG 18 SEPTEMBER 2020**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Risikobestuurskomitee se vergadering wat gehou is op Vrydag 18 September 2020, soos voorgelê.

***

**BKN029/02/2021**
**NOTULES VAN DIE MPAC VIR KENNISNAME: DINSDAG 08 OKTOBER 2019 EN VRYDAG 09 OKTOBER 2020**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die MPAC se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 08 Oktober 2019 en Vrydag 09 Oktober 2020, soos voorgelê.

***

**BKN030/02/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN031/02/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN032/02/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

*******

**BKN033/02/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

*******

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:10*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***